ROMEINE 8: Die "NUWE" Mens!!

OORSIG OOR LESING:-

- Die eerste vers van Rom 8 pas eintlik beter as 'n opvolg vers van Rom 7, as vers 26. Mense sou dit dalk meer in konteks gelees het as daar eerder nie 'n oorgang was van hoofstuk nie (*onthou dat Paulus nie hierdie brief in hoofstukke geskryf het nie)*
- In Rom 5 tot 7 praat Paulus nooit van die Heilige Gees nie. Die hoof fokus is ONS !!! Om ons identiteit binne Christus te ontdek – die werk wat Jesus aan die kruis voltooi het - om te fokus op dit wat ons taak is – om te groei in kennis van Hom en ons gedagtes te verplaas van die ou mens en die sonde na Christus in ons – om God te dien MET ONS GEMOED!!
- Die eerste vers van Rom 8 skep gronde vir baie mense om te leef soos hulle wil – want "daar is geen veroordeling" – soos die argument lui. Hierdie vers sluit egter aan waar Rom 7 afgesluit het !!!
- Hierdie vers KAN NET BINNE KONTEKS gelees word – nie veralgemeen word om sonde goed te keur in ons lewe nie.
- **Romeine 8 sal nie volledig uitgelê word nie, maar eerder die dele wat die kern boodskap vervat en die werk van Jesus en die Plan van God duidelik maak. Hierdie lesing is slegs om u gedagtes te fokus op die kern plan van God – ons sal Rom 8 se dieptes nog ontdek tot die dag wat ons lewe tot 'n einde kom !!!**

ROM 8:1

Rom 8:1 *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.*

- Daar is 2 belangrikke dinge om te verstaan aangaande die "Veroordeling" waarna verwys word
  - **EERSTENS**:-
  - "...VIR DIE WAT NIE NA DIE VLEES WANDEL NIE..."
  - Die feit dat Paulus hier sê: "*Daar is dan nou geen veroordeling...*" beteken dat daar IS/WAS veroordeling; die veroordeling is UIT DIE WET.!! Wanneer jy verkeerd optree, staan jy onder veroordeling.
  - Wanneer jy dus optree uit die dooie mens, soos Paulus verduidelik in Rom 7: *"dit wat ek nie wil doen nie, dit doen ek...*" – dan IS daar ONDER DIE WET veroordeling, maar IN CHRISTUS is daar GEEN veroordeling.
  - Die dinge waarin ons vasgevang is of aan gewoond is skep veroordeling !!
    - Die persoon wat nog stry met sonde (*let wel: daar is nie 'n oorgawe aan die sonde nie – die persoon vertroos nie die sonde in sy lewe nie !!)*, bv. 'n verslawing aan drank/dwelms ens. Wat gebeur wanneer die persoon val? – VEROORDELING, maar NIE van God. **Die wedergeborene sal nog swakhede van die vlees hê**, sal nog nygings en begeertes hê en by tye ook daaraan toegee.
    - Maar a.g.v. die ou mens se neigings en die dooie mens se optrede wat daaruit voortvloei – is daar geen veroordeling IN CHRISRTUS nie, maar ons as mens vind baie veroordeling en ons dien nie Christus deur hierdie veroordeling nie.
    - Ons kan UIT ONSSELF net die begeerte hê om die sonde/swakhede/begeertes te oorkom, MAAR ONS KRAG IS IN JESUS CHRISTUS – net HY kan dit oorwin in ons, as ons onsself aan HOM oorgee en nie aan die sonde oorgee nie, dan sal God die goeie werk wat hy in ons begin het, ook voltooi
    - **Filipense 1:6** *"omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus..."*
    - Jesus is nie ons voorbeeld vir 'n regte lewe nie – HY IS DIE LEWE VAN OORWINNING
  - Paulus se bedoeling was om ons los te maak daarvan om by veroordeling vas te haak, want dan word my tekortkominge my lewe en my hoof fokus – nie Jesus nie.
  - **Gal 6:15** *Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel.*
    - Nog die nakoming van die Wet - nog die verwerping van die wet het enige krag – MAAR OM TE WEET WIE JY IS IN Christus Jesus (...*nuwe skepsel*...) !!
  - ONS KAN DUS Sê:- DAAR IS DAN GEEN VEROORDELING VIR DIE WAT NA DIE GEES WANDEL MAAR SOMS STEEDS UIT DIE DOOIE MENS OPTREE !! geen veroordeling !!!

- **Rom 8:2** Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my **vrygemaak** van die wet van die sonde en die dood.
- ***Rom 8:3*** ***Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,***
- **Rom 8:4** sodat die reg van die wet ***vervul kon word in ons*** wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.
  - Die sonde van die **dooie mens** IS REEDS VEROORDEEL in die liggaam van Jesus
  - Dit is nog 'n deel van Jesus se offer wat ons nie altyd weet nie – die sonde is in SY liggaam veroordeel – SODAT ek en jy nie daarvoor veroordeel word nie !!
  - Sien u die liefde van die Vader – Hy weet ons sal dit nie self kan doen nie – Hy plaas die sonde in Sy Seun, veroordeel die sonde en STEL ONS VRY VAN VEROORDELING. Jesus het dit afgehandel !!

  - **TWEEDENS**:-
  - VIR DIE WAT WANDEL NA DIE VLEES...
- **Rom 8:5** Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.
- **Rom 8:6** Want wat die vlees bedink, is die **dood**, maar wat die Gees bedink, is **lewe** en **vrede**,
- **Rom 8:7** omdat wat die vlees bedink, **vyandskap** teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
- **Rom 8:8** En die wat in die vlees is, kan God **nie behaag nie**;
- **Rom 8:9** julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die **Gees van Christus** nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.
  - Let wel dat daar 'n voorwaarde aan verbonde is: "*...vir die wat nie na die vlees wandel nie...*"
  - Hierdie is pertinent genoem as opvolg gedagte tot dit wat bespreek was oor die DOOIE mens in Rom 7
  - As ons wel in die vlees wandel, en NIE na die Gees nie – dan is daar vyandskap teen God, want dis nie meer die dooie mens nie – dis jou onwilligheid om God te volg en met jou denke (jou siel) dien jy weer die lewe van die ou mens, jy dien weer die wêreld – uit vrye keuse.
  - **Rom 8:13** *want as julle na die vlees lewe,* ***sal julle sterwe****, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.*

Op hierdie punt sal ek graag iets wil sê oor die "Gees" waarvan gepraat word in Rom 8:-

- Wanneer ons die Bybel lees, en ons lees van die "Gees" aanvaar ons gewoonlik dat dit beteken "Heilige Gees".
- Dis 'n Fout – dit maak dat ons nie meer JESUS raaksien nie.
- As ons die onderskeid nie tref nie – besef ons nie die grootheid van wat ons lees nie, en die rolle van Jesus en die Heilige Gees in ons lewens word vermeng.
- Wanneer na die Heilige Gees verwys word, sal die "Gees" iets "doen".
  - Vers 4 – wandel
  - Vers 6 - bedink
  - Vers 11 - opwek
  - Vers 13 - werke
  - Vers 14 - gelei
- Maar wanneer daar van Jesus gepraat word, sal die "Gees" verwys na 'n toestand: "wees of is"
- **Rom 8:2** *Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus*
- **Rom 8:9** *... Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie ...*
- **Rom 8:10** *Maar as Christus in julle is*
  - Dis belangrik vir die "In Christus boodskap"
  - Die Heilige Gees is die Gees wat DOEN, Hy lei en leer en wek op ens. Hy Bring altyd die mens nader aan God
  - Die Gees van Christus "IS". Hy moet ons lewe word. Ons moet soos Hy wees en lyk – ons moet 'n toestand bereik wat die ewebeeld van Jesus IS.
  - Die Heilige Gees is nooit ons lewe nie – Jesus is. Die Heilige Gees lei ons NA HOM TOE.

AANNEMING TOT KINDERS:-

Rom 8:14 *Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.*
Rom 8:15 *Want julle het nie ontvang 'n gees van **slawerny** om **weer** te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van **aanneming** tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!*
*(**KJV**:- For ye have not received the spirit of **bondage** again to fear; but ye have received the Spirit of **adoption** ...)*

ONS GAAN EERS STILSTAAN BY DIE KONSEP VAN "**AANNEMING**"

- Om aangeneem te word, beteken dat 'n persoon gebore word in een familie; en later uit daardie familie uit weggeneem word en oorgeplaas word in 'n nuwe familie, met nuwe ouerskap.
- Aanneming is **nie** die wedergeboorte van die gelowige nie – maar deurdat ons wedergebore word, word die aannemingsprosses aan die gang gesit – om aangeneem te word, is die prosses van oorskakeling na 'n ander gesin, om ten volle in te skakel en deel te word van die nuwe familie se manier van leef, dink, doen ens.
- Aan die begin lyk die aangenome kind nie soos die nuwe familie nie, hierdie kind sukkel nog om in te skakel, maar die nuwe pa is **geduldig** met die kind se prosses van **inskakeling** wetende wat Hy vir die kind in gedagte het – om die kind te versorg, beskerm en lief te hê – maar die kind gaan **tyd** nodig hê om hierdie waarheid te ontdek voordat die kind sy liefde gaan terug gee aan die nuwe pa.
- Die kind sal eers ten volle inskakel, nadat tyd verloop het en die kind die nuwe gesin se liefde ervaar en kennis opdoen van die Vader se opregte motiewe.
- **... so werk dit ook tussen ons en God !!!**

Gal 4:1 Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles;
Gal 4:2 maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.
Gal 4:3 So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld.
Gal 4:4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,
Gal 4:5 om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.
Gal 4:6 En omdat julle kinders is, het God die ***Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur***, en **Hy** roep: Abba, Vader!

- Wanneer die mens wedergebore word, begin ons aanneming. Maar ons staan onder voogde en bestuurders - die beginsels van hierdie wêreld. Dit beteken; daar is omstandighede en mense in hierdie wêreld wat jou gaan vorm. Daar sal goeie en slegte gebeure, omstandighede en mense van hierdie wêreld wees wat druk op jou plaas, maar dit als sal jou na die Vader toe trek.
- Om in 'n nuwe familie in te kom is nie genoeg nie – die kind moet die nuwe familie leer ken, sy liefde vir die familie moet groei tot 'n punt waar die kind begin oorgee aan die nuwe familie se waardes, gesindhede, beginsels en eenheid – en die nuwe Vader weet dat dit neem tyd, en Sy Genade skenk ons ook dit.
- Dit neem soms baie "ups and downs" om daar uit te kom, maar die pa sal nie die kind uit sit op straat nie, maar die pa sal aanhou om die kind te vorm en sy liefde te soek totdat daar eenheid tussen hulle bestaan!!!
- 'n Kind wat groei tot die besef van die nuwe pa se liefde, sal 'n wedersydse liefde en verhouding ontwikkel.
- Dan gaan die kind nie meer leef soos in die vorige familie nie, die kind sal nie meer wil lyk soos die vorige familie nie, maar sal alles van die vorige familie aflê om die nuwe familie se eenheid en liefde te bewaar.
- Die kind sal nog foute maak, maar sal nie sy rug weer op die familie draai nie – en die pa sal nie die kind veroordeel en verwerp vir die foute nie – maar die kind nader aan hom trek.

1. **Ons sal die dieptes van Rom 8 dalk nooit ten volle ontdek nie – maar ons moet die intensies van die Vader ontdek !!**
2. **Jesus het ons versoen met die Vader, ons sonde IN SY LIGGAAM geneem en die sonde is IN Jesus veroordeel.**
3. **Ons is verlos van die veroordeling van die dooie mens.**
4. **Ons is geroep om God te dien IN DEUR DIE GEES – nie die vlees.**
5. **Die Heilige Gees staan ons by in hierdie prosses en leer ons sodat Jesus meer kan word in ons.**
6. **Tydens ons aanneming gaan die Vader ons nie veroordeel, toorn op ons werp, ons alleen laat ens. Nie. hy gaan ons leer, lei, opvoed en nader aan Hom trek TOTDAT ONS SY LIEFDE KAN SIEN – en dit ons vervul tot die punt waar ons sal UITROEP ABBA VADER!!**